EEN GROTER AS SALOMO IS NOU HIER

Laat ons net 'n oomblik bly staan, terwyl ons die Woord van die Here lees. Julle wat vanaand graag na die Skriflesing wil blaai, blaai na Matthéüs 12, vanaf die 38ste vers.

> En daar, *toe spreek sommige van die skrifgeleerdes en Fariseërs en sê: Meester ons wil graag 'n teken van U soek.*
>
> *Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en* 'n *owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom* weer *gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona.*
>
> *Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees.*
>
> *Die manne van Ninevé sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel; want hulle het hul op die prediking van Jona bekeer, en—meer as Jona is hier!*
>
> *Die koningin van die Suide sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel; want sy het gekom van die* uiterstes *van die aarde af om die wysheid van Salomo te hoor, en—meer as Salomo is hier!*

2 Laat ons ons hoofde buig. Met ons hoofde en harte gebuig in Sy Teenwoordigheid, is daar 'n versoek hierbinne vanaand wat jy graag in gebed aan gedink wil hê? Indien wel, steek net julle hande op, en gee daarmee te kenne: "God, hoor my versoek." Bid nou in stilte terwyl ons gaan bid.

3 Ons Hemelse Vader, ons ag dit een van die grootste voorregte wat ons aan hierdie kant van die Heerlikheid het, is om te ontmoet in die samekoms van die mense wat in U glo, waar dat ons U Teenwoordigheid kan verwag, want dit is volgens U belofte. U het gesê: "Waar daar twee of drie in My Naam vergader is, daar is Ek in die midde. En as hulle oor een sekere ding kan saamstem, en vra, sal hulle dit ontvang." Here, die grootste ding waaroor ons vanaand sou kon saamstem, dat U ons net sal ontmoet, dat ons U Teenwoordigheid kan aanskou, Dit in ons gees aanvoel, en weet dat U hier is. En in U Teenwoordigheid, voel ons dat ons ons harte kan uitstort, in

smeekgebed. En soos ons oor U nadink, mag ons hierdie groot gevoel ervaar van die antwoord op ons gebede, waar ons nou vra in Jesus Christus se Naam. Amen.

Julle kan maar sit.

4 Ek wil die onderwerp neem, as die Here wil, met 'n paar Skrifte wat ek hier uitgeskryf het, net vir 'n paar oomblikke voor ons oorgaan tot gebed vir die siekes, oor die onderwerp van: *Een Groter As Salomo Is Nou Hier*.

5 Ons vind in ons aanvang van die Skrif vanaand, waar ons teks gevind word, dat Jesus van die Fariseërs verskil het. Hy het hulle tereggewys, omdat hulle Hom nie verstaan het nie. 'n Man, wat die teoloë wat opgelei is, wat uitgesien het na die tyd van Sy verskyning, en dan, toe Hy aangekom het, het hulle Hom misverstaan en het Hom "'n duiwel" genoem. Hulle het gesê dat die bediening wat Hy gehad het van die duiwel was, omdat Hy die gedagtes kon onderskei wat in hulle harte was, en daardeur het hulle gedink Hy is 'n soort van 'n—van 'n toordokter of iets soos 'n fortuinverteller; en almal weet dis bose geeste. En dan, om die werk van God "'n bose gees" te noem, was godslasterlik.

6 En Hy het vir hulle gesê Hy sal hulle daarvoor vergewe, want die Heilige Gees het nog nie gekom om hulle harte sag te maak en om—om hulle in 'n toestand te bring sodat hulle God sal verstaan nie. Hulle harte was ver van God af gewees. Al wat hulle geken het was koue teologie van die wet, en hulle het nog nie die Heilige Gees ontvang nie. Maar Hy het gesê: "Wanneer die Heilige Gees gekom het en dieselfde ding doen, om Daarteen te praat, dit word nooit in hierdie wêreld of die wêreld wat kom vergewe nie."

7 En ek het gedink terwyl ek dit gelees het, vanmiddag, en nagedink het daaroor, van hoedat hulle, een van hulle hier, na Hom gekom het, met 'n omweg, en Hom gevra het, gesê het: "Meester, ons wil graag 'n teken van U sien." Met ander woorde, die Jode is altyd geleer om tekens te glo. Die Jode soek tekens, altyd; en die Grieke wysheid. En ons vind dat hierdie Jode op 'n teken staatgemaak het.

8 Nou, wat 'n—'n getuienis teen hierdie Fariseër, dat hy wat veronderstel is om die Skrifte te ken, dat die teken van die Messias, Jesus het dit alreeds gedoen, en sy oë was so verdonker dat hy dit nie herken het nie. Jesus het, Jesus het hom die ware Skriftuurlike Messiaanse teken gegee wat in die Skrifte beloof is. Maar hy het na 'n ander soort teken gesoek.

9 En hoe waar is dit nie van leraars van vandag, en mense van vandag nie. Hulle kan iets sien wat solied is en in die Skrif, deur God beloof, vir die dag. En dan kan hulle Dit sien, maar tog sien hulle vooruit na iets, hulle wil iets anders sien, en neem nie die teken van die tyd nie.

10 Hy het hulle eenkeer vertel, gesê: “Julle kan die hemele onderskei, wanneer dit daal, rooi. Julle sal sê, wanneer dit daal en rooi is: ‘môre sal onweer wees,’ ensovoorts.” Maar het gesê: “Julle kan die tekens in die lug onderskei, maar, die tekens van die tyd, verstaan julle nie.” Want waarlik, die Skrif het gesê dat hierdie Messias ’n profeet sou wees.

11 Ons weet dat God se manier van dinge doen altyd is om ’n profeet te stuur om Sy boodskap te bevestig. Het nooit gefaal nie. Sal nooit faal nie. God kan nie Sy manier verander nie. Wat Sy eerste besluit is, dit moet ewig so bly. Wat Hy sê is waar.

12 God het nooit met groot groepe gedeel nie. Hy deel altyd met ’n indiwidu. Dis hoe Hy mense vir Sy Naam uit die Heidene geneem het; net ’n indiwidu, een hier en daar, vir Sy Naam. Hy deel met ’n indiwidu, nie deur groepe nie.

13 En ons vind die rede waarom hulle dit geglo het, dat ’n profeet ’n geïdentifiseerde getuie van God moet wees. Want as hy enigiets gesê het, en dit het uitgekom; en hy weer gesê het, en dit het uitgekom; en wat hy ook al gesê het, het God dit bevestig om waar te wees, dan het Hy gesê: “Luister na hom, want Ek is met hom.”

14 Nou vind ons dat Moses, in wie hulle na bewering geglo het, vir hulle gesê het dat: “Die Here julle God sal ’n Profeet soos ek laat opstaan, en na Hom moet die volk luister. En almal wat hierdie Profeet nie geglo het nie, sal van die volk afgesny word.”

15 Ons vind dat dit waar is. “Hy het na Sy Eie gekom; Sy Eie het Hom nie ontvang nie. Maar aan soveel as wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die mag gegee, aan hulle die mag gegee om seuns van God te word.”

16 Hoe vind ons hierdie Fariseërs kyk direk, en Sadduseërs, na presies wat die belofte van God gesê het dat Hy sou doen. En daar het hulle steeds na ’n teken gesoek, nie geweet dat dit die ware Messiaanse teken is wat Hy moes gee nie.

17 Filippus het dit verstaan, toe Hy hom gesê het waar hy die vorige dag was. Hy het verstaan dit was die Messias, het gesê: “U is die Christus, en U is die Koning van Israel.” En so het hy—hy dit herken omdat dit vir hom gegee is. Hy is.

18 Jesus het gesê: “Niemand kan na My toe kom tensy My Vader hom trek nie. En almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom.” Maak nie saak hoeveel ons probeer om op enige ander manier in te kom nie, dit moet God wees. “Dis nie hy wat wil, of hy wat hardloop nie, dis God wat genade betoon.” God is die Een wat die kieswerk doen. “Julle het My nie gekies nie,” het Jesus gesê: “Ek het julle gekies.”

19 En nou vind ons dat die Antichris, in die laaste dag: "almal wat op die aarde woon sal mislei, wie se name nie geskrywe is in die Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld af nie." Jou naam is geplaas in God se Boek voor die Lam geslag is. Toe Sy program uitgelê is, die hele ding, is jy in daardie program herken omdat jy Ewige Lewe het. Die woord *Ewig*, het nooit begin en ook kan dit nie eindig nie, en jy is 'n kenmerk van God se denke voor die wêreld ooit geskep is. Dis die enigste manier waarop jy Ewige Lewe kan hê. En daardie Lewe, dat Hy aan jou gedink het, is nou in jou. Daar is geen manier om dit te skei nie. Dis daarbinne om te bly.

20 Let nou op, hierdie Fariseërs, al was hulle godsdienstige leraars, groot geleerdes in teologie, en het hulle die Boek bestudeer, dag en nag, het nie geslaag om die Messiaanse teken te sien nie, en het hier probeer om Hom vir 'n teken te vra.

21 Dat ek die ding kan bevorder, om julle te laat weet dat God altyd tekens gee. Omdat Hy bonatuurlik is, deel Hy altyd met mense deur tekens, Skriftuurlike tekens.

22 In die Ou Testament, wanneer hulle 'n—'n vraag gehad het, iemand 'n droom gedroom het, en daar was geen—geen profeet daar nie, het hulle hom daar na die tempel geneem, waar hulle wat hulle die Urim Thummim genoem het, gehad het. Julle Bybelleraars verstaan wat ek bedoel. Dit was die—die borsplaat wat Aäron gedra het, wat die twaalf stene gehad het wat die twaalf stamme van Israel voorgestel het. Hulle het dit aan 'n paal opgehang; en dan wanneer hierdie profeet, of hierdie dromer, of wat dit ook al was, van sy visioen of sy droom vertel het, ongeag hoe werklik dit voorgekom het, as daardie bonatuurlike ligte nie aangekom het nie, wat die Urim Thummim op daardie borsplaat gemaak het nie, is dit verwerp. God het dit geweier.

23 Hulle moet 'n bonatuurlike teken van God wees, om te bevestig. Maak nie saak hoe werklik, hoe diep in teologie dit was, hoe groot dit geklink het nie, was dit steeds, as God se bonatuurlike teken dit nie bevestig het nie, nie so nie, vir die Jood.

24 Nou, die Ou Testament, die Aäron se plaat is mee weggedoen, saam met die Ou Verbond.

25 Maar in die Nuwe Verbond, bly God steeds by die Urim Thummim. Dit is, as 'n profeet, dromer, teoloog, of wat dit ook al is, iets spreek wat teenstrydig is met die Woord, en God dit nie deur die Woord terug-eggo nie, sal ek dit alleen laat, want Dis God se Urim Thummim. En ek glo dit met my hele hart, dat dit God se Woord is.

26 En God is Sy Eie Woord. "In die begin was die Woord, die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord

het vlees geword en onder ons gewoon." "Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Hy is, steeds. God het nie enige interpreteerder nodig nie.

27 Ons interpreteer, ons sê: "*Dit*, *dit* is dié, en *dit* is dat," ensovoorts.

28 God het nie 'n interpreteerder nodig nie. Hy is Sy Eie interpreteerder. God het ons nie nodig om Sy Woord te interpreteer nie. Die Bybel, Dis geskryf, en Dit het gesê Dis vir geen private interpretasie nie. God het gesê, in die begin: "laat daar lig wees," en daar was lig. Dis die interpretasie daarvan. God het gesê: "'n maagd sal swanger word," en sy het. Dis die interpretasie daarvan. Dit het niemand nodig om te interpreteer nie.

29 God het gesê, in hierdie dag, sal hierdie dinge gebeur, en hulle gebeur. Dit het geen interpretasie nodig nie. Dis God wat Sy Eie interpretasie doen. Dit gebeur. Maak nie saak hoeveel ons Dit probeer verdraai nie, en sê: "Dit beteken nie *Dit*, en Dit beteken nie *Dat* nie." Dit beteken net presies, en God is Sy Eie interpreteerder. Hy bevestig Sy Woord, en dis Sy interpretasie Daarvan, want Dit kom so uit.

30 Nou ons vind hierdie kêrels daar, in Matthéüs die 12de hoofstuk, 38ste tot 40ste verse, en hulle het Hom gevra: "Meester, ons soek 'n teken van U."

31 En Hy het hulle aangespreek omdat hulle Hom nie geglo het nie, en die einste Gees wat op Hom was, "'n bose gees" genoem het, in hulle ongeloof, omdat hulle Hom nie kon identifiseer onder hulle—hulle kerkmanne nie. Hulle kon nie identifiseer (Sy) waar Hy vandaan kom nie. Hulle het nie geweet uit watter skool Hy kom, of Hy 'n Fariseër of Sadduseër was nie; en het voortdurend probeer om hulle instellings van—van teologie af te breek, en hulle 'n klomp "adders" genoem. En, wel, hulle kon Hom nie êrens identifiseer nie. En dus: "Waarvandaan het hierdie Man gekom? Ons weet nie van waar Hy is nie." En hulle het nie besef die einste teken, dat Hy die Messias is, is daar nie.

32 Nou, soos daardie vroutjie by die put, van wie ons eergisteraand gepraat het. Sy het dit herken, en dit het iets vir haar gedoen. En hulle wat dit—dit herken het, hulle was die saad van God wat in daardie dag geroep moes word.

33 God, en altyd in alle tye, het nog altyd geestelike gawes aan Sy mense gegee. Dis hoe Hy geïdentifiseer en geken word, deur geestelike gawes. En wanneer God 'n geestelike gawe na Sy mense stuur, en daardie geestelike gawe word verwerp, dan gaan daardie—daardie mense in die duisternis van 'n chaos in. Elke keer, deur die eeue, wanneer God iets na die mense stuur, 'n gawe, en hulle wys dit weg, word daardie mense deur God verwerp omdat dit God se genade verwerp het.

34 O, watter veiligheid sou dit nie wees, vanaand, hoeveel groter sou dit nie wees as al die bomskuilings en—en al die plekke waaraan ons kan dink, as hierdie nasie, wat 'n Christelike nasie genoem word, die gawe van God kon aanneem, wat aan hulle gegee is, die groot Heilige Gees wat in hierdie laaste dae uitgegiet is nie. En hoe dat as hierdie nasie Dit sou aanneem, dit meer veiligheid sou bring as enigiets waarin hulle kon inkom. Maar hulle het Dit weggewys, so daar bly niks oor behalwe chaos en oordeel nie.

35 Alle tydperke, het Hy hierdie groot geestelike gawes gegee. En let op dat altyd die koms van 'n geestelike gawe, 'n ware gawe; ek wil een aand praat, oor "die Stem van die gawe," maar as die Here wil. Maar altyd word hierdie gawe gewoonlik deur profete aangekondig. En dan wanneer jy 'n profeet op die toneel sien verskyn, toon dit dat oordeel op hande is. Nou dis 'n teken, wanneer jy 'n geïdentifiseerde profeet van God op die toneel sien verskyn; in die dae van Jeremia, in die dae van Daniël, in die dae van—van Johannes die Doper, in die dae van die Here Jesus, en regdeur. Wanneer 'n profeet op die toneel verskyn, is dit tyd dat God Sy Woord gaan spreek. Die nasies verwerp Dit, en dan tree chaos in.

36 Dis hoe dit was met die wisseling van die kerkeeue, elke keer, wanneer die boodskap verwerp is. En God het hierdie gawes en boodskappe aan die mense gegee, en hulle wys hulle weg, dan is daar niks behalwe oordeel oor nie.

37 God is regverdig. Hy sal nie oordeel stuur voor Hy genade aanbied nie. En genade word voorspel en hoe dit sal kom, maar die mense is gewoonlik so deurmekaar, en in hulle gemoedere, en soveel verskillende mensgemaakte skemas, sodat hulle Dit nie herken nie. En dis hoe dit altyd gebeur.

38 Nou ons vind dat Hy vir hulle gesê het dat: "'n—'n Slegte en 'n owerspelige geslag soek na tekens." Hoeveel keer het die ongelowige nie hiervan gebruik gemaak nie, oor Skriftuurlike tekens, en dit nie geglo nie!

39 God spreek altyd met tekens. Hy het altyd. Hy sal altyd. Solank daar 'n wêreld is, sal Hy steeds deur geestelike tekens spreek. Hy het voorspel hulle sou kom.

40 Nou, baie van die ongelowiges neem dit, toe Hy gesê het: "'n Bose en, of, slegte en owerspelige geslag soek na tekens."

41 Let op, Hy het hier in 'n saamgestelde profesie gepraat. Hy het ook vir hulle gesê dat hulle 'n slegte en owerspelige geslag is; en ook vir hulle gesê dat enige slegte en owerspelige geslag, en een wat sou kom, 'n teken sou ontvang. Let op, Hy het gesê: "'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken; en daar sal geen teken daaraan gegee word nie, behalwe die teken van

Jona. Want soos Jona in die buik van die walvis was, vir drie dae en nagte; so moet die Seun van die mens in die hart van die aarde wees, vir drie dae en nagte."

42 Wat het Hy hier gesê? Hy het gesê, dat: "'n Slegte en owerspelige geslag sal die teken van die opstanding ontvang." En by watter ander tydperk het ons ooit gekom, meer as wat dit juis nou is, by 'n Christus-verwerpende, slegte, verdraaide, owerspelige geslag? En hulle sal 'n teken ontvang, die teken van die opstanding, dat Jesus Christus vanaand lewend is net soveel as Hy ooit was. Hy het opgestaan uit die dood, wat Hom dieselfde maak gister, vandag, en vir altyd. "'n Slegte en 'n owerspelige geslag soek na 'n teken, en hulle sal dit kry, en die teken sal die teken van die opstanding wees." Nou, natuurlik, Hy het met hulle gepraat, dat Hy uit die dood sou opstaan.

43 Baiekeer, het die Skrif sy gewone, of sy saamgestelde betekenis. Soos in Matthéüs 3, staan daar: "Dat dit vervul mag word wat van die Here gespreek is deur die profeet, wat gesê het: 'Uit Egipte het Ek My Seun geroep.'" Nou as jy dit terugverwys, dis aan Hoséa, en hy het geprofeteer dat: "Uit Egipte het Hy God se seun geroep," wat Israel was. Jakob was God se seun, en Hy het hom uit Egipte uitgeroep. Dis waar die verwysing jou heen lei. Maar, ook, Christus was Sy groter Seun, en Hy het Hom uitgeroep, Israel synde 'n tipe.

44 En so is dit 'n tipe van die verwerping van Christus, in daardie geslag; hierdie is 'n groter tipe, want daardie geslag wat die opstanding verwerp het, is verskoon, maar hierdie geslag wat spot met die Heilige Gees, is onverskoonbaar. Ons is . . . Groter is hy wat die Heilige Gees verwerp as hy wat Jesus Christus verwerp in die dae van Sy vlees op die aarde. Jesus het so gesê: "Julle spreek teen die Seun van die mens," toe hulle gesê het Hy was 'n fortuinverteller of een of ander bose gees, het gesê: "julle spreek teen die Seun van die mens, dit sal julle vergewe word. Maar wie ook al 'n woord spreek teen die Heilige Gees, sal hulle nooit vergewe word in hierdie wêreld nie," dit is, noem die werking van die Heilige Gees 'n bose, onrein ding, wanneer hulle die werk van God gedoen sien.

45 Ja, Jona was 'n getuienis van die opstanding, waar hy in die buik van die walvis was vir drie dae en nagte. Baie mense probeer om Jona te veroordeel, en sê dat: "O, hy, almal, hy is 'n Jona." Jona was 'n profeet. Hy het gewandel presies volgens die wil van God. Toe hy daardie verkeerde skip gevat het en daar beland het, dit moes geskied, dit moet so wees om die opstanding van Jesus Christus te vertoon. Hy moes dit vertolk, net soos wat Hagar uitgesit is, dat die vrye vrou nie met die slavin erfgenaam sou wees nie. Hierdie dinge moes gebeur, hulle was voorafskadus en tipes van die dinge wat kom.

46 Nou vind ons uit, Hy gaan dan heen, nadat van Jona gepraat is, en Hy kom na Salomo te tyd. Nou, ons weet almal dat Salomo se tydperk byna die Millennium was, van die Ou Testament. Dit was die grootste tyd, van almal wat Israel ooit gehad het, was onder die regering van Salomo; geen oorloë om van te praat nie, en hulle het 'n wonderlike tyd gehad. God het Salomo, wat 'n seun van Dawid was, het hom 'n gawe van onderskeiding gegee, en nou kon hy die gedagtes in die mense se hart onderskei.

47 Nou, hoe behoort daardie Hebreër wat daar gestaan het dit nie te herken het nie! Salomo het 'n—'n gawe van onderskeiding gehad en hy kon die gedagtes in hul hart onderskei, en hulle het almal om Salomo saamgetrek, en tog hier het een groter as Salomo gestaan. En Salomo was die seun van Dawid, maar hy was die geringer seun van Dawid, na die vlees; en Jesus was die Seun van Dawid, na die Saad van die belofte, die koninklike Saad. En hier het een groter as Salomo daar gestaan, dieselfde ding gedoen wat Salomo gedoen het, net een groter as Salomo gewees, en hulle het dit "Beëlsebub" genoem.

48 Sien julle die interpretasie van die Skrif? Geen wonder Hy het gesê wat Hy het nie: "'n Slegte en owerspelige geslag sal na 'n teken soek; en hulle sal dit kry, die teken van die opstanding."

49 En in Salomo se tyd, was daar 'n groot herlewing aan die gang. Ek sal dit soort van in illustrasie probeer gee, sodat die jonges dit kan verstaan. Daar was 'n groot herlewing wat aan die gang was in die dae van Salomo. God het 'n gawe gegee, en die hele nasie het daaromheen saamgetrek. Almal het daarnatoe gekom. Hulle het daarin geglo, heelhartig.

50 Sou dit nie 'n wonderlike ding wees as dit vanaand onder die mense gebeur nie, as die hele Amerika, alle mense wat hulleself Christene noem, sou saamtrek rondom God se gawe in hierdie laaste dae, die uitstorting van die Heilige Gees op die mense nie! Dis God se gawe in hierdie laaste dag, is die Heilige Gees. Christus, in die vorm van Gees, Hy is nou hier by ons. Sou dit nie wonderlik wees as al die kerke wat voorgee om Christene te wees, sou saamtrek rondom hierdie groot gawe wat God ons gegee het nie?

51 Waarom is dit? Hulle het dit weg in allerhande soorte ismes en gelowe en dogmas, en jy kan nie sê wat wat is nie. Dis presies soos hulle dit altyd gedoen het. Maar God het belowe dit sal reggestel word, vir die Saad, in elk geval, in die eindtyd.

52 Nou let hierin op, ons vind dat hulle almal saamgetrek het rondom daardie groot gawe, en Israel het floreer soos nooit tevore nie. Alle nasies het Israel gevrees; hulle was bang om daarheen te kom, want hulle het geweet dat God met hulle was.

53 En ek sê julle, julle praat van kommunisme stil maak en alles; laat Amerika net terugkeer na God, terugkeer na haar gawe, terugkeer na die Heilige Gees, en mense sal moet ophou skree oor kommunisme. Dis so wurm-besmet totdat selfs kommuniste anti-kommunistiese opsette het, om uit te vind wie hulle is. Die ding moet so wees. Maar laat hulle terugkeer!

54 Hier nie lank gelede nie, in Finland. Broer Lindsay, meen ek, hy—hy was gisteraand hier, was by my toe dit gebeur het. ’n Seuntjie, wat ek hier in die visioen gesien het, is uit die dood opgewek, daar. Baie van julle, skat ek, het dit nog steeds in julle Bybel geskryf, soos wat ek die nasie deurkruis het, gesê het hoe hy sou lyk, waar hy sou wees, ensovoorts. En hy is opgewek uit die dood, volgens die Woord van die Here. Hy is gedood in ’n motorongeluk. Baie van julle onthou die geval, en het daar gestaan toe hy uit die dood opgewek is.

55 Daardie aand, op pad na die Messuhalli. Ek en Broer Lindsay, en Broer Moore, en baie van die manne, het probeer om daar by die Messuhalli uit te kom; waar, hulle soveel duisend laat, my met hulle laat praat, hulle dan laat uitgaan en met meer laat praat het. Op pad daarheen, het hulle vier of vyf stadsblokke afgesper gehad. Mense was in die—in die strate, om ons te sien inkom en uitgaan. En daarbinne, was daar ’n dogtertjie op krukke, een been korter as die ander een, is genees, en baie dinge is gedoen.

56 Toe hierdie seuntjie wat opgewek is, dit het oor die nuus gekom. Hulle het nie ruk-en-rol en goed, in Finland nie, of hulle het nie toe gehad nie. Daar was net nuus en dinge wat die moeite werd was, wat hulle op die radio gehad het. En dit het die hele pad tot onder in Rusland gegaan. As jy in Rusland woon, en veertig myl van jou huis af, jou geboorteplek, moet jy ’n visum hê om jou besigheid te toon. En die . . . die Ystergordyn was net . . . ons het tot daarby geloop, waar die masjiengewere in die straat gesit het, net buite Kuopio. En daardie aand, het hierdie nuus al daarheen gegaan, en die strate was gepak met duisende der duisende Russe.

57 Hier was daardie kommunistiese soldate, Russiese soldate, daardie ronde petjies op; en ses Finse seuntjies, net na daardie oorlog, hulle was nog nie oud genoeg om te skeer nie, hulle was gladde-gesig seuns; groot ou stewels aan, groot lang jasse, stap die straat af, met hierdie sabels en dinge, dopgehou sodat ek kon kom deur die skare, om in te kom. Hier het daardie Russe gestaan wat daar staan. Toe ek verbykom, het hulle op aandag gekom, so gehou, en die trane wat teen hulle wange afloop. En toe ek verby is, het hulle daardie Finse soldate gegryp en hulle op die rug geklop, en hulle omhels. Enigiets wat ’n Rus ’n Fin sal laat op die rug klop, sal oorloë besleg. Hulle het gesê: “Dit sal ons ontvang, ’n God wat die dooies kan opwek.”

58 Dis wat vanaand die probleem is, vriend, presies. Wat hulle kommunisties gemaak het, is omdat die kerklikes die Woord van God in die steek gelaat het. Hulle het al die geld gevat, en het niks om in die plek terug te gee nie, net soos 'n losie of enigiets anders. Dit is wat met die wêreld verkeerd is.

59 Dan vind ons dat in die dae van Salomo, het hulle almal saamgetrek om hierdie groot gawe wat Salomo van die Here gehad het. En die mense het gekom en gegaan. Al die nasies het Israel gevrees. In plaas van te probeer om met hulle oorlog te maak, het hulle vredesoffers gebring. Hulle was nie bevrees, sodanig, vir hulle manne nie, hulle was bevrees vir daardie God met wie hulle almal so eensgesind was.

60 O, watter ding sal dit nie vir hierdie nasie gewees het, vanaand, as ons almal God sou vrees, as ons almal God sou respekteer, en Sy gawe van die Heilige Gees sou ontvang en Daaromheen sou saamtrek, elke kerk hulle geloofsbelydenisse sou afbreek en hulle by die deur uitgooi, en daar na die altaar gaan en bly totdat die Heilige Gees kom om Sy Woord te identifiseer in die laaste dag nie!

61 Sommige van hulle probeer sê: "Wel, dis net vir die Jode om Dit te kry. Dis al wat Daaraan was."

62 Petrus het gesê, op die Pinksterdag: "Bekeer, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus vir die vergifnis van sonde, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang; want die belofte is vir julle en vir julle kinders, vir hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here ons God sal roep." Solank daar 'n Saad in die grond wag, om geroep te word, is daar 'n Heilige Gees om dit Daarheen te roep. Dis reg. Dis nog steeds net dieselfde.

63 Maar ons vind uit, wanneer Dit kom, word Dit verwerp. Dis waarom die nasie onder vervloeking kom. Dis waarom dinge vanaand gaan soos hulle gaan.

64 En ons vind in Salomo se tyd, was dit nie so nie. Hulle almal het saamgetrek om daardie gawe van onderskeiding wat Salomo gehad het. En die nasies het God almal gevrees. En nuus het oral versprei: "O, jy moet na Israel toe kom, hulle God het 'n gawe onder hulle opgerig en hulle het hom koning gemaak. En sy wysheid, sy onderskeiding, is bo menslike berekening. Dis daarbo. 'Dis op die gebied van die gode daarbuite,' sou die heiden gesê het. En ons verstaan nie hoe dit is nie, maar God, hulle God, het Homself in een van hul gelowiges verteenwoordig. En hy, hulle het hom op 'n troon gesit, en hulle luister almal na hom." Julle weet, die nuus het toe nie per televisie, telefoon, ensovoorts versprei nie, dit was van lip tot oor.

65 Uiteindelik het die nuus tot regoor die Sahara Woestyn getrek, die hele pad tot in 'n landjie genaamd Skeba. Hulle

het. . . Dit was ’n heidense land. Hulle het ’n koninginnetjie daar gehad, was ongetwyfeld ’n—’n aangename dametjie. En die nuus het haar bereik dat: “God ’n groot herlewing daarbo in die land van Israel gee, en groot dinge plaasvind. En hulle het ’n man daar gehad, gesalf met die Gees van hulle God, dat sy wysheid selfs enigiets oortref waaraan die mens kan dink.”

66 Julle weet: “Geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord van God.”

67 Dit het haar hartjie geroer. Sy het daaroor begin dink. En nou, soos elke karavaan verbygekom het, sou die koninginnetjie, sonder twyfel, haar soldate uitstuur, en sê: “Ek wil graag met die persoon praat, privaat, as hulle van Israel af gekom het.”

68 “Ja, koningin, ons was bo in Israel, en, o, dit is wonderlik. U moet dit sien. Daar is niks soos dit nie. Dis bo die mens se begrip. Weet u, hulle is almal eensgesind, elkeen van hulle is om daardie gawe wat hulle God hulle gegee het, en hulle glo dit almal eendragtig. O, dis die allerwonderlikste ding, en daar word niks weerhou nie. God openbaar net alles. As enige nasie daar teen hulle sou optrek, wel, sou die God van hulle net openbaar waar hulle kom, en—en hulle in ’n lokval lei voor hulle daar kom. O, dit was net ’n groot herlewing wat aan die gang is.”

69 Toe, weet julle, het die klein koningin begin honger raak om dit self te sien.

70 Julle weet, daar is iets daaraan, die mens weet dat hy êrens vandaan gekom het; en hy is hier, hy weet nie waarom hy hier is nie; en hy gaan iewers heen, en hy weet nie waarheen hy gaan nie. En daar is net een Boek in die wêreld wat ons vertel wie jy is, waar jy vandaan kom, wat jy is, en waarheen jy gaan, en dis die Bybel. Dis die enigste een wat vir jou sê, en dis God se Boek. Dis God Self gemanifesteer in woordvorm, genaamd ’n Saad. Daardie Saad in die regte soort grond, sal elke belofte wat Hy gemaak het, voortbring, want dis God Self. Maar dit moet benat word deur geloof, om dit te laat plaasvind, soos enige ander saad. Die kiem is daarin. Het geweet! Let nou op.

71 Ons vind dat deur dit te doen, begin die koninginnetjie honger en dors na God. O, as—as die gawes van God net ’n dors in die mense se hart kon laat ontstaan, na Hom, soos dit vir haar gedoen het!

72 Nou ons vind uit, sodat die kinders, klein kêreltjies, daar is ’n hele ry van hulle wat hier sit en op verskillende plekke, dat hulle kan verstaan, sal ons dit in soort van ’n drama vir hulle gee, sodat hulle sal verstaan.

73 Nou onthou, sy was ’n heiden. So ten einde dit te doen, en synde ’n koningin, sou sy toestemming moes kry van haar

heidense priester, om te kan gaan. En ek kan my voorstel, haar te sien gaan daar na hom toe en haar buigings maak, en sê: "Groot heilige vader *so-en-so*, ons weet die Israeliete het 'n herlewing daarbo, en hulle God het Homself verteenwoordig in die vorm van 'n man, deur 'n groot gawe, sodat hy die geheime van die hart ken. En hulle sê vir my dat Hy die Woord is, en die Woord is 'n onderskeier van die gedagtes van die hart, en hulle sê dit is in 'n man werksaam. Ek wil graag u toestemming hê, allerheiligste vader, om daarheen te gaan, en te besoek en self te sien."

74 Wel, ek kan my haar antwoord wat terugkom, voorstel. "Ons het geen samewerking in daardie herlewing nie," of dis die '64 variasie daarvan. Maar, in elk geval, hulle—hulle sê: "Hulle behoort nie aan ons denominasie nie. Hulle is nie van ons mense nie. Ons het glad niks daarmee te doen nie. Jy sal nie gaan nie. En hulle is niks anders as 'n klomp—klomp kranksinniges nie. Hulle hoor allerhande gerugte oor hulle wat deur 'n Skelfsee gekom het, en al daardie soort goed, maar daar is niks daaraan nie. *Hier* is ons groot god, sien jy hom langs die muur staan? Hulle was *so-en-so*, en so dikwels het hulle *so-en-so* gemaak." Die klein koningin is verontwaardig daar weg.

75 Maar, julle weet, daar is iets daaraan, as God begin om 'n honger in 'n menslike hart te sit, is daar net niks wat in die pad daarvan gaan staan nie. Of daar samewerking is of nie, óf of daar enigiets is, sy moet Dit vind! Soos ek gesê het van die vroutjie gisteraand, wat volgehou het en volhardend was. Sien, Iets kry 'n houvas op jou, en jy kry 'n houvas op Iets. Soos Jakob, die seun van—van God; Jakob, God se seun, het een nag 'n houvas op Iets gekry, en Dit het 'n houvas op hom gekry; en hy het Dit nooit laat los voor hy sy doel bereik het, geseën is Daardeur nie. Dit, dis die ware ding. En wanneer die mens iets naboots, werk dit nooit reg uit nie. Maar as jy 'n houvas op daardie Iets kan kry, en daardie Iets kry 'n houvas op jou, gaan dit gebeur.

76 As jy vanaand hierheen gekom het vir genesing, en die Heilige Gees 'n houvas op jou laat kry, en jy kry 'n houvas Daarop, gaan jy kry waarvoor jy gevra het. Daar is geen manier om jou Daarvan weg te hou nie.

77 Kom jy in die geloof dat Jesus Christus red, en daar is 'n reddende krag wat 'n houvas op jou kry, en jy 'n houvas Daarop, gaan jy gered word.

78 As jy glo in die doop van die Heilige Gees, en die Heilige Gees kry 'n houvas op jou, en Hy sal jou doop, en jy kry 'n houvas op Hom; jy sal nie van jou sitplek af te beweeg nie, Hy sal jou vul met Sy Teenwoordigheid net daar waar jy is. Net soos Hy gedoen het: "Terwyl Petrus nog hierdie woorde gespreek het, het die Heilige Gees geval op hulle wat Dit gehoor het." Iets het 'n houvas gekry!

79 Iets het ’n houvas gekry op daardie Siro-Feniciese vroutjie van wie ons gisteraand gepraat het. Maak nie saak hoeveel hindernisse sy gehad het nie, sy het steeds gegaan, in elk geval. Iets het ’n houvas gekry op hierdie klein koningin van wie ons vanaand praat, ’n ongelowige, ’n heiden. So was hierdie klein Siro-Feniciër, ’n Griek, ’n ongelowige, afgodsaanbidder. Maar Iets het ’n houvas op hulle gekry, en hulle het ’n houvas op Iets gekry.

80 Daar is altyd moeilikhede in die pad. Satan gooi alles in die pad, wat hy kan, wanneer hy ’n ware beweging van God aan die gang sien kom. Hy sal dit aan jou doen. Hy sal alles, al die hindernisse wat hy kan, in jou pad plaas.

81 Onthou, die vrou het ’n klomp hindernisse gehad, maar haar geloof het nie enige gehad nie. Geloof het geen hindernis nie. Daar is niks wat dit gaan stop nie, maak nie saak wat enigeen sê nie. As jy daardie regte houvas op God het, het God die regte houvas op jou; daar kan veertig dokters hier staan en jou vertel jy is sterwend, en jy sal nie een woord daarvan glo nie. Nee, meneer. Nee, meneer. Daar kon veertig kerklikes hier staan, soos Agab se vierhonderd, teenstaan; as jy ’n Miga is en ’n houvas op God het, God ’n houvas op jou het, en jy sien dit bevestig in die Woord, is daar niks wat jou gaan stop nie. Jy gaan daar staan, in elk geval, want Iets het ’n houvas op jou.

82 Dis geopenbaar aan daardie vroutjie, dat daar êrens ’n God is. Ek kan haar sien daardie Hebreeuse boekrolle weer gaan lees, hulle oprol en hulle neersit in die—die fles; en terugloop na daardie heidense priester, en sê: “Ek wil jou iets vertel, heilige vader. Dit mag so wees, die dinge wat jy sê. Maar, kyk, my ouma het daardie beeld aanbid, sy het daardie kategismis gelees wat jy het. My oumagrootjie het dit gelees, my ma het dit gelees, al my mense het dit gelees, dis alles oor iets wat al gebeur het. Ek het nog nooit ’n beweging daarvan gesien nie. Maar hulle sê vir my hulle het iets daar wat werklik is, juis nou beweeg; nie een of ander geskiedenis nie, maar iets wat nou aan die gang is.”

83 “Nou kyk hier,” sou hy gesê het: “my kind. As jy gaan, sal ek jou ekskommuniseer. En jy behoort jou nie, as ’n koningin, met sulke mense soos daardie te assosieer nie.” Daardie selfde ou duiwel lewe nog.

84 Daar is geen beter groep in die wêreld, om in te kom, as ’n wedergebore kerk vervul met die Heilige Gees nie. Ek gee nie om waar dit is, of dit in die stegie is of waar dit ook al is nie. Dis die beste groep. Dis ’n hemelse groep, let op, gelowiges, wat in God glo.

85 Haar hart het hewig geklop, met verwagting. Sy wou sien. Sy het daarvan gehoor. Sy het niks daarvan geweet nie, maar sy wou dit sien. En ek kan haar hoor sê: “Wel, jy kan net

my naam van die boek afhaal, as jy wil. Wat jy ook al sê, en daardie beelde, en daardie boeke en goed, ek sien jy bly vertel van iets, vertel van iets. Dit het nog nooit beweeg nie. Ek het nog nooit 'n beweging daarvan gesien nie. Ek wil iets hê wat werklik is," en sy maak gereed om te gaan. Baie jammer ons het nie meer van daardie klein koninginne vandag nie! Reg.

86 So dan vind ons nou uit, om te kon gaan, het sy 'n baie goeie taktiek gebruik. Ek wil graag hê almal moet hieraan dink. Nou sy het gesê sy het nie geweet nie. Sy het al die boekrolle gelees, om uit te vind wat Jehova was, om te sien op watter wyse Hy gewerk het in die dae wat verby is. "As dit so is, dan sou Hy Homself identifiseer met hierdie man soos hulle sê hy het, dan is dit Jehova. En as dit Jehova is, en Hy is die ware God, die God van die lewendes, nie een of ander standbeeld of monument van een of ander skepsel wat gelewe het, of nie gelewe het nie; hierdie was 'n lewende, teenwoordige God, huidiglik," so sy wou gereedmaak om te gaan. Nou sy het gesê. . .

87 Sy het 'n klomp geld ingepak. Sy het goud geneem, en mirre en, o, wierook, veronderstel ek, en silwer. En sy het kamele daarmee gelaai. Nou sy het dit gesê: "Ek gaan daarheen. Ek gaan self ondersoek instel. En dan as dit so is, sal ek dit ondersteun; as dit nie so is nie, sal ek niks daarmee te doen hê nie."

88 Julle weet, sy sou Pinksters iets kon leer. 'n Klomp van hulle ondersteun 'n program wat lag vir en spot met julle. En julle ondersteun 'n program oor die lug, wat spot met die dinge waarin julle glo. En dis reg. Ja, meneer. Omdat dit reg klink. Sekerlik: "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk," het Jesus gesê.

89 Maar let op na haar, sy het gesê: "As dit nie is nie, dan kan ek my geskenke terugbring." Maar sy sou self gaan kyk, en oortuig word. Sy het die boekrolle gelees, sy het geweet wat Jehova was, en sy sou sien. As Hy was, is Hy, dan is Hy steeds Jehova.

90 Dis vandag goed. Jesus Christus is wat Hy was, en Hy sal altyd wees. Hy verander nooit nie. Die Bybel het gesê: "Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

91 Ons vind dan die vroutjie, praat van hindernisse, dan kon dit deur haar gedagtes gegaan het: "Onthou, ek moet die woestyn oorsteek, en dis 'n baie lang tog." Meet dit, van Israel, van Palestina tot onder in Skeba, oor die Sahara Woestyn. Dit sou 'n kameel, dink ek, omtrent, die karavane, hulle negentig dae geneem het, drie maande, konstant aan die reis, om van een plek na die ander te gaan. Drie dag. . . drie maande, om te gaan. En dink net, sy het oor daardie warm

woestyn gekom. Sy het dit in haar kop gehad, sy moes dit doen, oor daardie warm woestyn, al die pad hiernatoe, om uit te vind of dit waarlik God is.

92 Geen wonder nie, Jesus het gesê: "Sy sal saam met hierdie geslag opstaan en dit veroordeel." Sy het nie 'n Cadillac met lugreëling gehad nie. En party mense hier in Dallas wil nie die straat oorsteek, om Dit te hoor nie. Dis reg. Geen wonder sy sal in die laaste dae opstaan nie! Maar staan êrens oorkant en kritiseer Dit, enige ander plek doen hulle dit. Het gesê: "Sy sal van die uiterstes van die aarde kom om die wysheid van Salomo te hoor, en een groter as Salomo is hier." Let op.

93 Sy het dit gehad om haar te konfronteer. Sy moes waarskynlik in die nag reis, so warm in die woestyn. Die direkte strale van die son op daardie Sahara Woestyn sal die vel net van jou afbrand, en sy moes daar dalk reis in die nag.

94 Nog 'n ding, onthou, sy was belaai met offers en goed. Die seuns van Ismael was vinnige perderuiters. Hulle was rowers in die woestyn. Hoe maklik sou dit nie vir Ismael se kinders wees om in te kom soos 'n vloed, en daardie twee of drie klein kamerlinge wat sy by haar gehad het, plat te slaan nie; haar klein groepie soldate, kamerlinge, en haar dienaressies; slaan hulle plat en laat hulle daar lê en dra tienduisende maal duisende dollars se waarde in juwele weg, behalwe die kosbare wierook en mirre, en goed wat sy as 'n geskenk gebring het.

95 Maar daar is iets daaromtrent, as jou hart daarop ingestel is om God te sien, en Iets het 'n houvas op jou, ken jy geen gevaar nie, ken jy geen nederlaag nie. Daar is iets, jy gaan dit kry, hoe ook al, maak nie saak hoe moeilik dit is nie.

96 Sekerlik, dit het gelyk na die regte opset vir die rowers. Enigeen van hulle sou kon kom, maar sy het nie die gedagte aan enige gevaar gehad nie.

97 Sy het nie die gedagte gehad of sy kon opstaan en loop, soos iemand wat bang is om van die bed of draagbaar, of een of ander ding af op te staan nie: "Ek weet nie, sien, ek is bang om dit te doen." Sy het nie daardie soort vrees gehad nie. Iets het 'n houvas op haar gehad.

98 En as Iets 'n houvas op ons kan kry, op dieselfde manier, gaan iets plaasvind. Nou, jy kan dit nie doen voordat Dit 'n houvas op jou kry nie, jy moet dit liewer nie probeer nie. Maar wanneer Dit 'n houvas op jou het, gaan dit gebeur.

99 Let op, hier is sy, sy het nooit daaraan gedink hoeveel rowers daar in die woestyn was nie.

100 Of, weer, as sy daar aankom, sou sy ontvang word, of nie? Sy was van 'n ander denominasie, julle weet, so sal sy ontvang word, sal sy welkom wees by die byeenkoms? Sy is nie gevra om te kom nie. Heilige Gees het in haar gewerk, om

te kom, so Hy was die Een wat die leiding geneem het; so, om daardie gevoel te bevredig wat sy gehad het, dat sy verlang het om te weet.

101 Onthou, dis jou lewe. Dit was haar lewe. Jy het net een keer om dit te besleg, en miskien is vanaand jou laaste geleentheid. Wys jy Christus weg, vanaand, kry jy dalk nie nog 'n geleentheid nie.

102 En dit kon haar laaste geleentheid gewees het. Sy het dit besef. Was haar koue, vorm-godsdiens wat sy gehad het, in orde, of was daar waarlik 'n lewende God? Sy het niks in haar eie godsdiens gesien nie, maar sy het gehoor daar is Iets in die ander een, en sy het gelees van wat Hy was. Sy wou sien. Dit was haar lewe wat op die spel was.

103 Dis my lewe, vanaand, ek moet hierdie trotseer. Ek moet by die Oordeel kom, so moet jy by die Oordeel kom. Dit betaam ons om in ons sitplekke te sit, op ons beddens te lê, of waar ons ook al is, en hierdie ding diepsinnig te oorweeg. Want, jy weet nie wanneer jou kaart Daarbo uit God se rak gehaal gaan word nie, en jy by die Oordeel sal antwoord nie. Of jy 'n kerklidmaat is, of jy nie is nie, dit het niks daarmee te doen nie. Jy gaan antwoord, in elk geval, en jy moet liewer doodseker daarvan wees. Gaan jou ondervinding met God na, kyk of Iets regtig 'n houvas op jou het, wat jou terugbring na hierdie Woord, weg van geloofsbelydenisse en vorms, ensovoorts af. Hy het dit belowe in die laaste dae: "Daar sal 'n terugkeer wees, weer, van die harte van die kinders na die vaders." En ons glo dit. Let op, ons vind dit nou in hierdie dag.

104 En sy het geen gedagte gehad aan vrees of enigiets wat haar sou hinder nie. Sy het nie daaraan gedink nie. Die idee was, sy wou uitvind of Dit werklik is of nie, so sy het die woestyn oorgesteek. En nie . . . Dit was vir haar swaar om dit te doen. Enigiets wat jy het . . .

105 Dis die probleem, ons Pinksters, ons het alles vir ons gegee gekry, op 'n skinkbord, alles wat ons wil hê. Kom die pastoor nie mooi betyds nie: "Ek sal die Gemeentes verlaat en by die kerk van God aansluit." En, julle weet, dis net . . . ons word net so opgepiep!

106 Herinner my daaraan, daar was 'n ou seeman, eenkeer, wat van die see af gekom het. En 'n digter het daarheen gegaan, het nog nooit die see gesien nie; hy het daaroor geskrywe, maar dit nog nooit gesien nie. Die ou seeman het hom ontmoet, hy het gesê: "Waarheen gaan jy, my liewe man?"

107 Hy het gesê: "Ek gaan see toe. Ek is 'n digter. Ek het van die see geskryf. Ek het daarna verlang om die soutwater te ruik, en sy groot soutwater branders om die singende meeue te sien opspring, en blou lug wat homself in die see reflekteer."

108 Die ou seeman het vier of vyf keer aan sy pyp getrek, afgekyk, en gespoeg. Het gesê: "Ek is daarop gebore, sewentig jaar gelede. Ek sien niks so aantreklik daaraan nie." Hy het daarop gelewe, so lank, dat dit gewoon geraak het.

109 Dis wat dit met ons is, vanaand. Ons het in die Teenwoordigheid van God gelewe, so lank, dat Dit vir ons gewoon geword het. Ons behoort onsself wakker te skud, en te besef dat Jesus Christus lewe en uit die dood opgestaan het.

110 Dit sou alles 'n nuwe ondervinding wees vir hierdie koninginnetjie. Sy het volhard. Sy wou dit sien. Sekerlik, sy het volhard. Sy moes volhard, om haar nasie te verlaat. Sy het al haar prestige, moes sy agterlaat. Wat van al haar kaartverenigings en alles waaraan sy behoort het, al die naaldwerkkringe, en dinge waaraan sy behoort het, as 'n koningin, al die hoogwaardigheidsbekleërs wat sy geken het? Sy sou 'n bespotting wees vir daardie groep. Maar watter verskil het dit vir haar gemaak? Dit was haar siel.

111 Dis jou siel. Dis my siel. Watter verskil maak dit vir die Metodis, Baptis, Presbiteriaan, of Eenheid, Tweeheid, Drieheid, of wat dit ook al is? Dis my siel wat betrokke is. Dis jou siel wat betrokke is. Dis God se Woord wat bevestig word.

112 Ons vind haar, vir haar het dit geen verskil gemaak, wat enigeen gesê het nie, of wat haar hoogwaardigheidsbekleër, wat haar vriende het, of sy alles wat daar in die wêreld is, moes verlaat nie. As Dit werklik was, was sy gereed om Daarheen te gaan. Sy sou haar koninkryk gee, enigiets anders. As Dit werklik was, wou sy God vind. Daar was iets in haar hart.

113 Ons vind uit, sy het oor die woestyn gekom. Eindelik, dag na dag, negentig dae, drie maande, het die karavaan eindelik by die poort aangekom.

114 Nou, sy het nooit gekom soos 'n klomp mense vandag in byeenkomste maak nie. Baie van hulle kom en hulle sal sê: "Uh, ek hoor hulle het, uh, iemand het my gesê hulle het. . . Uh-huh. Wel, ek sal daarheen gaan." En hulle sal net vir 'n oomblik gaan sit. Hou hulle dop. Jy sien hulle oral. Hulle sal sê: "Die eerste woord wat hy sê wat teenstrydig is met my geloof," by die deur uit, hulle is weg. "Ek sal nooit weer teruggaan om na nog een te luister nie." Sien, hulle sit net nie lank genoeg nie. Dis dit.

115 Wat van toe, Jesus, toe Hy daar voor Sy sewentig gesit het, en Hy sewentig gehad het en Hy die hele menigte gehad het? Hy was 'n groot Man. "Hy was 'n Profeet," het hulle gesê: "die Galilése Profeet." Eendag het Hy gekyk oor daardie groot skare wat om Hom staan, Hy het gesê: "Tensy julle die vlees van die Seun van die mens eet, en Sy Bloed drink, het julle geen Lewe in julle nie."

116 Kan julle julle voorstel, die dokters wat daarbuite gesit het, wat hulle van daardie Man gesê het? "Wel, Hy sal vampiere van ons maak. Sy Bloed drink en Sy vlees eet?"

117 Hy het dit nooit verduidelik nie. Hy hoef dit nie te verduidelik het nie. Hy moes die parasiete wat om Hom was, afskud. In plaas van hulle op te piep en hul naam op 'n boek te sit, het Hy hulle weggeskud. Hy het geen hergebruik vir hulle gehad nie. So ons vind uit, daar was Hy, Hy het gesê: "Tensy. . . " Hy het dit nooit verduidelik nie.

118 Kyk, daardie dissipels het stil gesit. Hulle het nooit niks gesê nie.

119 Ek sien die doktor en sien die Fariseërs, het gesê: "Sien, die Man is van Sy verstand af. Hy is gek, wil hê ons moet nou Sy liggaam opsny en dit eet, en Sy Bloed drink? Menslike vampier! Wel, ons, ons sou nie so-iets kon doen nie. O, dis gek. Die Man is van Sy verstand af." Het weggeloop.

120 Toe het Hy omgekyk na daardie teoloë wat om Hom sit, daardie sewentig, en Hy het gesê: "Wat sal julle sê wanneer julle die Seun van die mens sien opvaar na die Hemel vanwaar Hy gekom het?" Daardie Doktore van Godgeleerdheid het rondgekyk, gesê: "Die Seun van die mens opvaar na die Hemel vanwaar Hy gekom het? Wel, ons ken Hom, ons was in die stal waar Hy gebore is. Ons het die wiegie gesien waarin Hy gewieg is. Ons ken Sy moeder. Ons. . . Hy vang saam met ons vis. Hy jag saam met ons. Hy is hierbuite op die heuwels. Hy dra die klere wat ons dra, eet die kos. En hierdie Seun van die mens, waar het Hy vandaan gekom? Hy kom van Násaret. Dit is te veel vir ons." Weg is hulle. Hy het Dit steeds nie verduidelik nie. Sien?

121 Hy het gekyk, en Hy het omgekyk na die twaalf, gesê: "Wil julle ook gaan?"

122 Nou, hulle kon dit ook nie verduidelik nie, maar Iets het 'n houvas op hulle gehad. Sien, hulle het geweet! Dis toe dat Petrus daardie gedenkwaardige woorde gesê het: "Here, ons het die Skrifte deur U bevestig gesien. Waarheen sal ons gaan? Ons weet dat U die Woorde van die Lewe het. U is die Fontein van die Lewe. Ons is Hiermee tevrede."

123 Jesus het gesê: "Ek het twaalf van julle gekies, en een van julle is 'n duiwel." Sien, Hy het nie geskroom, en blinkgevryf, en opgepiep, en hulle op die rug geklop, en hulle in die geheim gedoop, of iets anders nie.

124 Hy—Hy was God wat op aarde vlees geword het. Hy was die bevestigde Woord van God. En hulle wat honger was, het gekom. Hulle wat nie honger was nie, kon nie kom nie. Het gesê: "Almal wat die Vader My gegee het, sal kom." Hoe kan jy dan kom tensy Hy gegee het, gegee is?

125 Nou let op, ons vind hierdie klein koningin, sy het uiteindelik eindelik aangekom. Sy het nie gewag net soos daardie mense gemaak het nie. Party van hulle het haar vergesel.

126 Daar is altyd drie klasse mense; gelowiges, skyngelowiges, en ongelowiges. Die ongelowige sal opstaan en wegstap; die skyngelowiges sal vir 'n lang ruk rondstaan. Daar was al drie van hulle. Die ongelowige, die skare; die skyngelowige, die groep wat laaste weggedraai het. Maar daar was 'n opregte gelowige wat Dit nie kon verduidelik nie; hulle het niks Daarvan geweet nie, maar hulle het geweet dat Hy die Woord was. Dit het dit afgehandel!

127 Daar vind ons die koninginnetjie. Sy het 'n hele klomp kos gebring, baie stukke brood, en 'n klomp goed. Sy het haar tente en goed gebring. Sy het haar goed van die kamele afgegooi, en goed, buite op die werf, die voorhowe van die tempel. En sy het haar tente opgeslaan, en was daar om te bly totdat sy oortuig was of dit reg of verkeerd is.

128 Sonder twyfel, dag vir dag, het sy daardie Skrifte gelees. Snags, hulle moes waarskynlik in die nag reis. Bedags, dan sou sy agteroor sit onder daardie palmbome, in die oasis in die woestyn, en lees wat Jehova was, wat Hy veronderstel was om te wees. Nou sou sy Jehova ken. As Hy in daardie man was, sou sy Sy werking ken, sy sou weet of dit reg was of nie. So sy was goed op hoogte van die Skrif.

129 Sy het nie daarheen gegaan en gesê: "Nou, as hy enigiets sê anders as wat my priester sê, sal ek net my kamele vat en weggaan," nie. Sy sou bly tot sy oortuig was.

130 O, as mans en vroue dit net vandag sou doen! Die Skrif neem, kyk of die Heilige Gees vir vandag is, of nie, kyk of hierdie dinge waarvan ons praat vir hierdie uur waarin ons is, voorspel is. Maar sy het; dis waarom Jesus gesê het haar naam is onfeilbaar. . . nie onfeilbaar nie, maar dis onsterflik. Sy sal in die Oordeelsdag staan en Dallas, Texas, veroordeel. Sy sal die Verenigde State veroordeel, in die Oordeelsdag. Want, sy het van die uiterstes van die aarde gekom, om die wysheid van Salomo te hoor; en, kyk, een groter as Salomo is hier. Die opgewekte Jesus Christus is hier in die krag van Sy opstanding. Let op.

131 En sy het haar tente opgeslaan. Ek kan my daardie môre voorstel, vir die kinders se onthalwe nou. Die klokke het gelui, die basuine het weerklink, en die kerk was aan. Hulle het elke dag kerk gehou. Dink daaraan, hulle het daarvan gehou om elke dag kerk toe te gaan. So hulle, die kerk het begin, ek kan my voorstel die koninginnetjie het daar ver aan die agterkant gegaan en gaan sit. En na 'n ruk het al die basuine weerklink, die liedere is gesing, en alles.

132 Na 'n ruk, het Pastoor Salomo uitgekom, gaan sit. Hoe het al die mense hom nie geag nie, want hulle het hom liefgehad. Hy was God se dienskneg. En hulle het uitgekom, daar was nie een wat gesê het: "Huh! As hy maar net *so* was, as hy maar net aan my groep behoort het!" nie. Nee. Daar was net een groep, en dit was—dit was hulle, so daar was hulle.

133 En dan vind ons uit, het iemand nadergekom. En toe jy weer sien, het Salomo die geheim van hul hart geopenbaar. Ek kan my voorstel die koninginnetjie het gesê: "Nou wag net 'n oomblik," sien julle. "Goeiste, dit het eg geklink." Die volgende een het nadergekom, het dieselfde ding gevind. O, haar hartjie het begin klop. Sy, sy het gewonder.

134 So sy moes 'n gebedskaart gekry het, en het gewag. Verskoon daardie uitdrukking; maar, julle weet, net om 'n punt te maak, sien. Sy sou dalk 'n kaart kon gekry het, en sy het gewag. Een dag is haar kaart geroep, en sy het voor die Heilige Gees, wat deur Salomo gewerk het, te staan gekom. En die Bybel het gesê: "Daar was niks verborge vir Salomo nie." Die groot Heilige Gees het alles geopenbaar wat sy nodig gehad het om te hoor; Hy het dit geopenbaar.

135 En hier was die Heilige Gees, Sy volheid in Jesus Christus, het dieselfde ding gedoen; en daardie Fariseërs het gesê: "Wys ons 'n teken. Genees *hierdie* man hierbuite. Doen *dit*, en sê *dit*. En wat sal *dit* wees, of *dat*?" Sien, hulle verstaan net nie.

136 Hierdie koninginnetjie wat daar staan, en die Bybel het gesê dat: "Niks van Salomo teruggehou is nie." Hy het al die dinge geopenbaar wat sy nodig gehad het om te weet. Hy het haar alles daarvan vertel.

137 En toe dit het, hoef sy nie iemand anders se woord te geneem het nie, sy het dit aanskou en sy het dit geglo. Toe het sy na die gehoor toe gedraai, en sy het gesê: "Alles wat ek gehoor het, toe ek dit gehoor het, het ek gewonder. Maar alles wat ek gehoor het is so, en meer as wat ek gehoor het, is so." Sien, dit was haar beurt, sy het dit gesien. Dit is op haar uitgevoer. Sy het geweet dit was werklik. En sy het gesê: "Geseënd sy die Here God Wat jou Sy dienskneg gemaak het. Geseënd sy die . . . "

138 Wat was dit? Die arme vroutjie het daar gewoon, al daardie geloofsbelydenisse en afgode, en op 'n keer in haar honger hart . . . Enige ware gelowige wil God sien werk. As Hy ooit God was, is Hy steeds God. En sy het iets gesien wat werklik was, nie aangesit nie; eg werklik. Sy het God die res van haar dae gedien, want sy het iets gesien wat werklik was.

139 O, vriend, ons het soveel gesien: "Sluit by hierdie geloofsbelydenis aan, hierdie Moslem, *hierdie*," wat dit ook al is: "kom na *hierdie*, en *dit*, *dat*, en die *ander*," en allerhande sensasies en goed. Sekerlik behoort die wêreld vanaand honger

te wees vir iets werkliks, sien iets wat eg is. Nie een of ander mitiese klomp van vloeiende bloed, of skrape, of olie, of iets wat nie eens Skriftuurlik is nie; maar 'n werklike Jesus Christus Wat beloof het dat Hy in Sy mense sou lewe in hierdie laaste dae, en die dinge doen wat Hy gedoen het, iets wat die Skrifte gesê het sou plaasvind in hierdie dae.

140 Al hierdie geloofsbelydenissies: "Wel, as jy ons geloofsbelydenis ken, weet jy." Sien, julle—julle—julle kyk terug na wat Mnr. Luther gesê het, 'n groot man van sy dag. Sekerlik. Niks meer as party van hierdie vroue hier nie, vyf-en-sewentig jaar oud, probeer sestien wees, kyk terug en probeer aantrek asof hulle sestien is, sny hulle hare af en dra kortbroek, en maak. . .Enigeen wat bestuur, deur 'n tru-spieëltjie kyk, maak 'n ongeluk. En dis wat die probleem is met die kerk vandag, dit kyk deur 'n tru-spieëltjie, van wat dit was. Geen wonder dit het verongeluk nie. Moet nooit. . .

141 Paulus het gesê: "In die strewe na die doel van die hoë Roeping, gaan ek uit. Ek gaan vorentoe." Ek weet Mnr. Moody was 'n groot man, Mnr. Wesley was 'n groot man, die Pinksterbeweging, die Baptiste beweging, was groot, maar laat ons strewe na die doel van die hoë Roeping in Christus. Moenie deur 'n tru-spieëltjie na veertig jaar gelede kyk nie. Kyk wat vanaand is. Kyk wat die Skrif vanaand beloof. Hy het hulle in daardie dag belowe, maar ons leef voort daar verby nou. Ons gaan voort.

142 Wat daarvan as Wesley sou terugkyk en gesien het wat, Luther, sien? Maar hy het nie gekyk wat Luther gesê het nie, hy het gekyk wat God gesê het. Wat daarvan as die Pinkster teruggekyk het na die Metodis? Sien waar jy sou gewees het? Daar is dit, dieselfde ding, julle het georganiseer en dit ingeperk, julle kan nêrens heen beweeg nie. Nou beweeg die Gees van God net aan, neem Dit voort êrens anders heen.

143 Elke keer wat hulle dit doen, 'n mens-gemaakte sisteem waar jy so opgewerk word, is dit weer soos die weerspreking van Korag, hoedat Datan en hulle 'n groot klomp manne wou gehad het en 'n organisasie daar wou stig. God het gesê: "Skei jouself af, Moses, van hulle, en Ek sal hulle net in die aarde insluk." En dit was 'n tipe van die reis vandag, en julle weet dit, op die pad na die beloofde land. En daar was hulle. Hulle kon nie daardie gesalfde boodskap van God glo, wat net voortbeweeg het nie, en hulle wou self iets begin. Dis altyd so.

144 Israel se roekelooste skuif wat hulle ooit gemaak het, toe hulle genade verwerp het, in Eksodus 19, en die wet geneem het. En Datan het die vreeslikste fout gemaak wat hy ooit gemaak het, toe hy gesê het: "Daar is meer leiers hierbinne behalwe jy, Moses."

145 En—en hy was bevestig dat hy God se gemanifesteerde Woord was. Hy het stof geneem en dit in vlooie verander. En alles wat hy gesê het, het uitgekom. En God was met hom. 'n Vuurkolom het bevestig, daar oor hom gehang, en steeds wou hulle iets anders begin. Dis bloot mens-gemaak.

146 Dis hoe dit vandag is. Dis waar die kerk beland het. Dis reg. O, kerk van die lewende God, wil julle nie iets egs sien nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Iets egs!

147 'n Storietjie voor vir die siekes gebid word. Ek jag graag. My moeder, julle weet, is . . . sy . . . haar moeder het die pensioen getrek. Sy was 'n Cherokee Indiaan. Ek . . . en my bekering het nooit die liefde vir die woude weggeneem nie. Ek het dit lief. Dis waar jy God sien. Dis waar ek God die eerste keer gesien het, was daarbuite in die woude. Dis daar waar Hy ons ontmoet. Dis daar waar Hy die praatwerk doen. Dis daar waar daardie sewe Engele ontmoet het. Het julle . . . op: *Menere, Wat Is Die Tyd?*

148 Ek en Broer Borders het nou die dag daar gesit, toe daardie (staan) afgekom het, 'n warrelwind uit die hemele, het selfs die rotse uitgeruk, reg bokant waar ek daar gestaan het, wat Hy gesê het, sien. En daar, o, baie manne, Broer Sothmann hierbinne êrens, een van die . . . Terry, reken ek hier oorkant, was daardie keer teenwoordig. En dinge, jy sien Hom in die wildernis daarbuite! Ek jag graag. Ek doen dit net om uit te kom, nie om die wild dood te maak nie, maar net om in die woude te wees.

149 Ek het altyd gejag saam met 'n kêrel bo in New York, bo in New Hampshire, liewer, hy was 'n—'n goeie jagter. Sy naam was Bert. Hy was 'n Engelsman. En sy—sy ouers het, wat hulle Jefferson Notch noem, gestig, of dit oopgesny, daar deur, en oorkant tot by Carroll Notch, en het dit geskei in die vroeë dae. Daar was 'n bietjie Indiaan in hom ook. Maar hy was een van die beste skuts wat ek ooit gesien het, en een van die beste jagters. Jy hoef jou nooit te bekommer het oor uitgaan en hom opspoor nie; hy het geweet waar hy was. Ek het altyd graag die wit-stert-takbok daarbo gejag. En hulle . . . En ek het altyd elke herfs daarheen gegaan en gejag.

150 Hy was so 'n goeie jagter, maar hy was die wreedste man wat ek in my lewe ontmoet het. Hy het oë soos 'n akkedis gehad, en hy het net . . . Daardie soort, julle weet, soos die vroue vandag hulle oë probeer verf, soort van akkedisagtig. Wel, hy het werklik daardie soort oog gehad. En dit het nie na menslik gelyk, vir my nie. En dus het ek—ek altyd soort van gehaat om na hom te kyk. Hy was so glibberig van voorkoms, julle weet, kyk sywaarts met daardie oë.

151 En hy was graag gemeen. En hy sou lammers skiet, dis klein baba takbokkies, net om my te laat sleg voel. En hy sou

sê: "O, prediker, jy's soos die res van hulle. Jy het 'n klein hartjie. Jy sou 'n goeie jagter gewees het as jy nie 'n prediker was nie."

152 Ek het gesê: "Ek jag siele, Bert." En ek het gesê: "Jy het een wat verlore is." Sien?

153 En hy: "Aag, praat vir jouself!" Het gesê: "Billy, jy kan gaan, maar," het gesê: "moenie oor daardie soort goed met my praat nie." So hy—hy sou daardie klein takbokkies skiet, en—en dit het my net so sleg laat voel.

154 Nou dis in orde om 'n klein takbokkie dood te maak as die wet so sê, nou, die grootte of geslag, net wat die wet ook al sê. Ek was wildbewaarder vir baie jare. Maar kyk, Abraham het 'n kalf doodgemaak en het dit vir God voorgesit, so daar is niks in verband met die doodmaak van 'n takbokkie, as die wet dit sê nie. Maar nie hulle net skiet, hulle net daar laat lê, en jou aanstel daaroor nie; dis verkeerd, dis verkeerd om dit te doen. So ek het dit net gesê om my jagterbroers hier te regverdig, julle sien, sodat julle kan sien wat ek probeer oordra.

155 Nou let hierna op, dat ons vind dat hierdie man . . . Een dag het ek daarheen gegaan, ek en die vrou was saam. En—en hy het vir hom 'n fluitjie gemaak wat geblaas het en net soos 'n baba takbokkie geklink het wat skree, julle weet, 'n snaakse blêrtjie wat hulle maak. Wel, solank . . .

156 Ek het gewerk, en ek het nie betyds klaargemaak, in 'n byeenkoms nie, en ek het daarheen gegaan om saam met hom te jag. En daar was baie jagtery aan die gang, en die eerste keer dat 'n geweer in daardie wêreld vuur, daardie wit-stert . . . Julle—julle het gedink Houdini was ontsnapkunstenaar; hy was 'n amateur, teen hulle. Voor jy weet waar jy is, het hulle almal weggekruip. En as daar maanlig was, sou hulle snags wei; of onder 'n hoop bosse wegkruip of iets, en hulle—hulle beweeg nie.

157 Toe sien ons daardie dag, het ek gesê: "Bert, jy—jy gaan tog nie daardie fluitjie gebruik nie?"

158 Hy het gesê: "Aag, prediker, jy't so 'n klein hartjie!" Het gesê: "Praat vir jouself."

159 En ons is daar weg, en ons het 'n paar toebroodjies in ons—in ons hemp gesit. En ons het gejag . . . sou tot omtrent die middag jag, bo om die rande van die top van die—van die Presidentsreeks, en dan uitmekaar gaan en terug afkom. As ons 'n takbok gekry het, weet ons waar dit sou hang, ons sou dit gaan uittrek, oor 'n dag of twee; dit ophang. So daar was omtrent, o, vier duim sneeu, of ses, so-iets, dit was 'n goeie tyd vir spoorsny. En ons is weg, het daarrond voortgegaan, teen die berg op, nie 'n spoor nie, daar was nie 'n ding nie. Die maan het snags geskyn, en takbokke . . . [Leë kol op band—Red.]

160 Bert was voor my, het die pad aangedui, en so het ek aangestap agter hom. En hy het net soort van gaan sit, *so*. Die sneeu was droog. En hy het na agter begin voel, ek het gedink hy gaan die toebroodjie eet en ons sou net daarvandaan uitmekaar gaan, want ons was toe ver hoog die berg op. En hy het *hier* agter gevat.

161 En ek het my toebroodjie begin uithaal, en ek het 'n plek begin soek om my geweer neer te sit. En—en ek het my toebroodjie begin uithaal, en ek het omgekyk.

162 Hy het hierdie fluitjie uitgehaal. Dit, ek het gedink: "Man, dis 'n vuil streep om dit te doen." So hy het hierdie fluitjie gevat en na my gekyk, in daardie akkedis-oë, en opgekyk na my toe. Hy het daardie fluitjie in sy mond gesit, so. En ek het gesê: "Bert, jy sal nie so-iets doen nie, sal jy?"

163 Hy het gesê: "O," en hy het geblaas, so. En, tot my verbasing, omtrent vyftig jaarts van my af, net oorkant, het 'n yslike groot ooi opgestaan. Nou, die ooi is die moeder takbok. En daar was sy, haar groot bruin oë, en daardie ore opgetel. Sien, sy het gehoor. Nou, sy was 'n moeder, sien, en haar baba het geskree. En so maak nie saak of die res van hulle uitgekom het of nie, daar was iets in haar. Sy was 'n moeder.

164 So Bert het so gekyk, en hy het dit weer geblaas, baie saggies. En daardie takbok het daar reg in die kaalte uitgeloop. Nou dis ongewoon, baie ongewoon, om so uit te loop. En sy het rondgekyk, met groot kop omhoog, en haar oë wat rondkyk.

165 Na 'n ruk, toe die jagter oorgebuk en die geweer gevat het, het sy die jagter gesien. Gewoonlik sal hulle net flits, en weg, julle weet hoe dit is, vinnig. Maar, weet julle, sy't nooit beweeg nie. Sy het net gestaan en na hom gekyk, dwars, het haar kop gedraai en gekyk. Goeiste! Ek het gedink: "Bert, jy kan dit nie doen nie."

166 Sien, sy het nie iets voorgegee nie. Sy was nie skynheilig nie. Sy het nie toneel gespeel nie. Sy, was in haar ingebore, sy was 'n moeder. En daardie baba, ek gee nie om of dit haar lewe kos nie, dit was in die moeilikheid, sy het daardie baba probeer kry. Dit was in die moeilikheid. Sy was, die instink in haar, sy was moeder. En sy het die jagter gesien. Maar haar gedagte was nie by die jagter nie, dit was by die baba wat in die moeilikheid is, daardie klein takbokkie.

167 En toe het hy die veiligheidsknip op sy dertig-nulses laat sak. O, hy was 'n dodelike skut. Hy het met daardie geweer aangelê. Ek—ek moes net my kop wegdraai. Ek kon nie daarvan wegbly nie. Ek—ek kon nie na hom kyk nie. Het gedink: "Nog net 'n paar minute, en hy blaas haar lojale hart weg; probeer haar baba kry, dis in die moeilikheid, geweet daardie jagter lê net daar in die bos." En hy sou daardie lojale hart middeldeur boor, met daardie honderd-en-tagtig-grein

koeël daarin. En ek—ek . . . Hy was so 'n dodelike skut. Hy het aangelê. Ek het gedink: "Ek kan dit net nie verdra om daarna te kyk nie." Ek het my rug gedraai.

En—en ek—ek het gesê: "Here, help hom, dat hy dit nie doen nie."

168 Ek—ek het so jammer gevoel. Daardie arme moeder wat daar staan, soek na haar baba, en ek het geweet sy veins dit nie. Sy was 'n moeder. Sy sou gehardloop het, enige ander keer. Sy sou nie opgestaan het nie, en ons sou verbygegaan het. Maar daar was iets in haar.

169 En ek het gewag, en ek het gewag, en die geweer het nooit afgegaan nie. Wel, ek het gewonder: "Wat is die probleem?" En ek het gewag, toe het ek heel stadig omgedraai. En ek het die takbok daar gesien staan, het nog steeds na hom gekyk. En ek het na die geweerloop gekyk, dit het so gemaak. Hy't net . . . hy het probeer mik, en hy kon dit nie doen nie.

170 Hy het die geweer op die grond neergegooi, en omgekyk na my, en daardie groot oë het verander. Die trane het teen sy wange afgeloop. Hy het my aan die broekspyp vasgegryp, hy het gesê: "Billy, lei my na daardie Jesus waarvan jy praat."

171 Wat was—wat was dit? Hy het iets werkliks gesien. Sien? Daardie klein moeder takbok moes 'n lojaliteit toon, 'n werklike lojaliteit wat daardie wrede jagter daar laat . . . wat die wreedste hart gehad het, wat ek ooit gesien het. Dit was nie 'n preek wat ek gepreek het nie. Dit was wat hy gesien het, iets wat werklik was. Dit was nie aangesit nie. Dit was nie vals nie. Dit was 'n egte moeder wat na haar baba soek, en dit het hom na Christus gelei. Hy is nou 'n diaken in die kerk daar, 'n wonderlike Christen, want hy het iets gesien wat nie aangesit is nie. Dit was nie skyngeloof nie. Dit was werklik.

172 O, broer, suster, as hierdie kerk, as hierdie mense, vanaand, as ek en jy! Daar is iets werkliks, nie aangesit nie. Julle mag dalk party dit sien aansit, maar daar is 'n egte ding. Daar is iets in 'n mens wat hom vir God laat lewe. Daar is 'n egte Heilige Gees vanaand, broer, wat nie aangesit is nie. Daar, dis iets egs.

173 En hoeveel hierbinne wil graag soveel van 'n Christen wees, en so lojaal teenoor Christus, dood, vervolging, enigiets anders, jy wil baie graag soveel van 'n Christen wees as wat daardie takbok 'n moeder was? Sal jy graag, sal jy dit nie graag wou wees nie? Ek sou graag daardie soort Christen wou wees. Dat selfs soos daardie Siro-Feniciese vroutjie gisteraand, daardie soort Christen was. Hierdie koninginnetjie waarvan ons vanaand praat, was so 'n soort Christen; toe sy iets gesien het wat werklik was, was sy gereed. God help ons, vanaand, om iets werkliks, Christus, te ontvang.

Laat ons net ’n oomblik ons hoofde buig, terwyl ons bid.

174 Nou ek wonder, in die gebou, vanaand, of daar is... as daar sommige hier is, terwyl julle werklik stil is, as daar sommige hier is wat graag, en nie Christus as jou persoonlike Verlosser ken nie, en jy wil Hom graag as jou Verlosser ken, sal jy jou hand opsteek? Een, twee, drie. God seën jou. God seën jou. God seën jou. God seën jou. God seën jou.

175 Ek wonder of daar sommige hier is vanaand, wat daarop aanspraak gemaak het om ’n Christen te wees, miskien ’n lid van ’n goeie kerk, van ’n goeie klomp mense, maar tog weet jy diep in jou hart dat jy nie Christelikheid in jou hart het, ingebore is daarin nie. Net soos daardie moeder was, takbok, gebore was om ’n moeder te wees; sy was moeder, deur en deur. En jy wil graag ’n werklike Christen word, soos daardie klein moeder takbok ’n moeder was; sal jy jou hand opsteek, sê: “Bid vir my, Broer Branham”? God seën jou. God seën jou. Oral rond, bo in die balkonne, ek sien jou hand.

176 Hemelse Vader, weinig het ek geweet, op daardie koue Novemberdag, waar ek daar gestaan het, sneeu oral oor my nek, nat, om daardie man daar te sien lê, hoe ek met hom gepraat het, sy hand gehou het, saam met hom gehuil het, maar hom van die Bybel vertel het en alles. En hy het gesê: “O, jy’s dalk reg.” Maar om te sien, moes U iets so werkliks stuur, wat reg by wyse van die natuur, dat—dat hy—hy net nie kon verhelp om te sien dat daar iets werkliks was nie. En nou is hy U dienskneg, Here.

177 Nou daar is vanaand baie hier. Party van hulle het hul hande opgesteek, Vader, dat hulle nooit ’n Christen was nie, en hulle wil een word. God, moet net nie dat hulle een van dié wees, hardloop net en sluit by ’n kerk aan, of aanvaar een of ander vorm, of geloofsbelydenis, of doop nie. Maar laat dit in hulle hart gebore word, Christus.

178 En hulle wat by ’n kerk aangesluit het, hulle, hulle soek, Here, dalk soos die—die vroutjie, die koninginnetjie van wie ons gepraat het. Sy—sy het gehonger na iets. En—en hulle, ook, Here. En toe sy iets gesien het wat werklik was, wat God geïdentifiseer het in menslike wesens, toe was sy gereed. En sy het gesê: “Geseënd is die Here God van Israel!” Sy wou niks meer met heidense vorms te doen gehad het nie.

179 En, Vader, baie hier vanaand is, ongetwyfeld, in daardie selfde toestand. As hulle net iets werkliks kan sien! En U het vir ons gesê toe U hier in die wêreld was, dat wat sou plaasvind in hierdie dag. Ons is gesê dat U dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. En ons weet hoe U geïdentifiseer is, en hoe die Fariseërs dit nie kon sien nie. Here, dieselfde groepe kan dit vandag nie sien nie, deur aan kerk te behoort,

aan te sluit, sekere vorms van geloofsbelydenisse te hê, ensovoorts. Hulle, hulle sien nie die Messias nie, die groot Heilige Gees wat Homself met die mense identifiseer, soos U belowe het U sou.

180 Skenk, vanaand, Here, dat elkeen van hulle sal besef en U Teenwoordigheid sal sien. En mag dit in hul hart kom, die teks: "Een groter as Salomo is vanaand hier," dis Jesus Christus, die opgewekte Seun van God, gereed om te kom en te verander, en om harte nuut te maak, en om in hulle 'n gebore ondervinding van God te sit. Net soos daardie moeder-ooi, iets waarmee sy niks te doen gehad het nie, deur die genade van God is sy gekies om 'n takbok te wees, is sy gekies om 'n moeder te wees, en 'n lojale moeder. En U het vir ons gesê ons is "gekies voor die grondlegging van die wêreld."

181 Ek bid, God, dat U elke een van dié wat daardie drang in hul hart het, soos daardie dametjie gehad het, om God te vind, dat daar vanaand iets werkliks sal gebeur, dat hulle sal sien, en Hom dien. "Want een groter as Salomo is hier." Ons vra in Jesus se Naam. Amen.

182 Nou, eerbiedig, stil, net voor ons na die altaar kom. Asseblief, niemand beweeg rond nie. Wees net regtig eerbiedig vir 'n oomblik. Dit is 'n plegtige uur, plegtige oomblik. Besluite word gemaak. Baie het hul hande opgesteek. Ek glo julle was diep opreg daarmee, toe julle dit gesê het.

183 Nou, julle het van die Bybel gehoor, julle het van Jesus gehoor, julle het gehoor Hy was die Seun van God. Julle is geleer dat Hy weer opgestaan het, en julle word geleer Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

184 Nou is hierdie Heilige Gees waarvan ons praat, is dit Jesus Christus? Sekerlik, is Dit. Sien, Hy is God; bekend as God, die Heilige Gees. Dis nie 'n ander God nie; dis dieselfde God. Vader, Seun, en Heilige Gees, is nie drie Gode nie; dis drie kenmerke van dieselfde God, sien, net dieselfde God in drie vorms. Julle sien, anders gestel, drie ampte, soos, julle weet; toe Hy as Vader opgetree het, en toe as Seun. Dis God wat neerdaal, wat kom van Een Wat nie aangeraak kan word nie (selfs om die berg aan te raak, moes sterf), totdat ons Hom in die vlees kon hanteer.

185 En nou is Hy in jou. Hy het jou met Sy Bloed geheilig, dat Hy in jou kan lewe. "In daardie dag, sal julle weet Ek is in die Vader, die Vader in My; Ek in julle, en julle in My." Sien? Dis God bo ons, God met ons, God in ons. Sien?

186 En dis Christus, vanaand, die Heilige Gees. Hy is dieselfde. En julle is. . .Hy is die wynstok, en julle is die lote. Glo in Hom. En as Hy Homself sal identifiseer, vanaand, om onder ons te wees!

187 Nou as hy hier gestaan het met littekens, sou dit ’n mens wees, wat vlees is. Enigeen kan dit naboots; ’n mens kan homself misvorm. Of, miskien, ons weet nie hoe Jesus gelyk het nie, ons het net die—die—die kunstenaar se idee, die sielkunde daarvan, hoe Hy gelyk het; Hofmann het een soort gehad, Sallman ’n ander, en hoeveel nog!

Maar hoe sou jy Hom ken? Dit sou aan Sy Lewe wees.

188 Want, as ’n man hier gestaan het met doringmerke in sy hand, en wat nog, sou dit ’n bedrieër wees; want as Jesus Self kom, sal elke oog Hom sien, elke knie sal buig, en elke tong dit bely. Sekerlik.

189 Maar Sy Gees is hier, sien. En as ons net ons gemoedere in Syne kan laat indryf. “Laat die gedagtes wat in Christus was, in julle wees.” Hy is die Woord, en die Bybel het gesê: “Die Woord van God.” Wat, hoeveel weet dat Jesus die Woord was? In die Bybel, Hebreërs 4, en die Bybel het gesê: “Dis skerper as ’n tweesnydende swaard, en ’n Onderskeier van die gedagtes van die hart.” Nou, dis wat in Salomo was, (die Woord, God) waarom hy hul gedagte kon onderskei. Dit was in Jesus, sien. Dis wat nou hier is, dieselfde Ding.

190 Nou julle daarbuite. Ek gaan nie enige gebedsry oproep nie, want ek gaan ’n altaaroproep maak. Daar mag sommige hier wees wat nog nooit in een van die dienste was nie. Ek sien nie ’n persoon in die gebou, wat ek—wat ek ken nie.

191 Iemand het my vertel dat dit gisteraand omtrent dertig was, of meer, wat geroep is. Besef julle dat ’n vrou eenmaal Sy kleed aangeraak het, en Hy het omgedraai, en dieselfde ding het plaasgevind, en—en krag het van Hom uitgegaan, Hy die Seun van God? Maar Hy het gesê: “Groter as dit sal julle doen, want Ek gaan na die Vader.”

192 Nou glo julle net, en hê geloof, elkeen van julle, hier oral rond, in hierdie beddens, draagbare, waar julle ook al is. Glo! Moenie dink jy’s hopeloos nie.

193 Nou as ek julle kon genees, sou ek dit doen, maar ek kan julle nie genees nie. Ek kan hande op julle lê, en is van voorneme om dit te doen, vir elkeen wat daardie kaarte het. En hulle gee elke dag kaarte uit. So ek is nou van voorneme om dit te doen, maar dit is, dit, dis net om aan te dui dat ek saam met julle glo.

194 Maar, kyk, waarom raak julle Hom nie net aan nie? Die Bybel het gesê: “Hy is ’n Hoëpriester,” net nou: “wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakhede.” Is dit reg? Wel, as Hy die Hoëpriester is, dan sal Hy sekerlik optree op dieselfde manier as wat Hy toe het. Sou Hy nie? Hy sou beslis dieselfde optree as wat Hy toe het. Goed, raak julle Hom nou in geloof aan.

195 Nou, Hemelse Vader, die byeenkoms is Uwe. Maar ek het vanaand geleer oor hierdie vroutjie wat iets werkliks gesien het, toe sy daardie gees van onderskeiding op Salomo gesien het. En ons is seker, Here, dat U Woorde waar is. U het gesê dit sal weer terugkeer, soos dit was in die dae van Sodom, net voor die Koms; en U is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Die werke wat U gedoen het, sou ons ook doen. En U is 'n Hoëpriester, vanaand, wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Hoeveel meer het ons nodig?

196 Hoeveel het daardie Jode nodig gehad, om te sien dat Hy 'n Profeet was? 'n Maagd het swanger geword, en al hierdie dinge, maar, hulle, hulle geloofsbelydenisse het hulle verblind.

197 Here, daar is sommige hier wat gekom het soos, miskien nie van Skeba nie, maar hulle het van baie plekke gekom. Ek bid, God, dat U Uself as werklik sal identifiseer vanaand. En identifiseer Uself dan in hulle, soos die instink van daardie moeder in daardie takbokkie daardie dag gedoen het. Ons is Uwe, Vader. Spreek deur ons, in Jesus se Naam. Amen.

198 Nou ek wil hê julle moet geloof hê en glo, elkeen van julle, oral rond. En bid net. Nou moenie. . . Kyk net en bid nou, en glo net. Sien, dit mag nie, die Heilige Gees kan dalk nie tevrede wees om dit te doen nie. As Hy nie is nie, sal ek 'n gebedsry oproep. Maar staan net hier. Iemand daarbuite, selfs as jy. . . Ek wil nie julle met gebedskaarte hê nie. Bid net—net enigiemand net—net. Natuurlik, ek sou nie weet nie, maar bid julle net en kyk. Sê net: "Here Jesus, ek weet daardie man ken my nie. Hy weet niks van my af nie, maar ek weet dat ek wel glo."

199 Jou geloof is onbewustelik. Moet nou nie druk, of spring nie. Jy spring weg daarvan af. Dis reg by jou. Ontspan net jouself en glo. Glo nou net, hê geloof. [In gemeente, gee 'n broer 'n vermaning—Red.] Amen. En wees eerbiedig, hê net geloof, glo net. Soms is jou geloof onbewustelik, jy het dit en jy weet dit nie. Daardie vroutjie het dit gehad; sy het dit nie geweet nie.

200 Hoeveel van julle het al ooit daardie foto van daardie Engel van die Here gesien, daardie Lig? Dis, dit is net hier in Texas afgeneem. Dis nou al geneem, die hele wêreld oor.

201 Maar wat dink jy, meneer? Glo jy, wat hier reg in die hoek sit? Het gelyk of jy so gretig lyk. Jy het baie goed met jou verkeerd. Jy het komplikasies, baie goed. Nou toe ek dit gesê het, het 'n baie vreemde gevoel oor jou gekom, het dit nie? As dit reg is, steek jou hand op. Nou ek is 'n totale vreemdeling vir jou, ek ken jou nie. Dis reg. Weet jy wat? Daardie Lig het pas bo jou gaan sit. Sien? Dis wat jy gevoel het, soort van 'n baie goeie gevoel. Ek het Dit dopgehou, sien, reg afgekom.

202 Nou, ja, jy's hier, jy wil hê vir jou moet gebid word voor jy die gebou verlaat. As God aan my sal openbaar wat jou

probleem is, en jy sit daar, en ek hier, sal jy glo dat dit God is? Dis 'n breuk, een van jou groot goed. Dis reg. Is dit reg? As God vir my sal sê wie jy is, wat jou naam is, jy het nou 'n goeie kontak met Hom, sal jy glo ek is Sy profeet, of Sy dienskneg? Verskoon my, dis 'n struikelblok vir 'n klomp, sien. Glo jy dit? Jou naam is Mnr. Sturgeon. As dit reg is, steek jou hand op. Glo dit, en word genees.

203 Hier is 'n dametjie wat daar reg agter sit, donker kop, reg hier in die paadjie. Ja, jy. Jy was verbaas toe dit gesê is. Nou net mooi op hierdie tyd begin jy soort van snaaks voel, sien, asof 'n baie goeie iets om jou is. As enigeen wil kyk, of jy Dit kan sien, soort van 'n amberkleurige Lig wat op die dametjie afkom. Nou wat haar probleem is, sy het hoofpyne wat haar baie erg pla. Dit is reg. As dit reg is, steek jou hand so op. En ek het haar nog nooit, in my lewe, gesien nie. Dis waar. Dis reg. Hoofpyne pla haar, soos 'n skeelhoofpyn, maar hulle gaan jou verlaat. Amen. Glo dit. Nou die . . .

204 Daar sit 'n man daar reg langs jou, en hy kyk so ernstig reg na my, en daardie Lig beweeg oor na hom toe. En die man ly aan probleme met sy oë. Maar as hy sal glo, sal God die oë genees en hulle gesond maak. Glo jy? Goed. Ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie. Jy's 'n vreemdeling vir my.

205 Sê, daardie jongkêrel wat ook daar reg langs jou sit, hy ly aan probleme met sy kop. Dis reg. Dis reg. Ek het die man nog nooit in my lewe gesien nie. God weet dit, sien. Goed, julle glo.

206 Die man wat reg langs jou sit, met 'n bril op, wat hiernatoe kyk. Ja, jy dra bril, maar dit is nie regtig jou probleem nie. Jy het iets verkeerd met jou rug, waarvoor jy wil hê moet gebid word. As dit reg is, wuif jou hand. Goed.

207 Daardie jongkêrel wat daar reg langs jou sit, reg langs jou. Hy het 'n klomp probleme gehad, het daardie jongman gehad. Ja, meneer, met die rooi das aan, jy het 'n klomp probleme gehad in jou familie en goed. Soort van, jou vrou is 'n senuweeagtige soort mens, en jy ly ook aan 'n soort van 'n drukking in jou kop. Dis SO SPREEK DIE HERE. Dit is waar. Dis reg. Glo jy net. Jy moenie twyfel nie, glo jy net.

208 Hier is 'n vrou wat hier reg agter sit. Sien julle nie daardie Lig daar agter beweeg, en reg hier kom sit nie? Sy ly aan 'n oogprobleem, en haar blaas. O, sy gaan Dit mis. Here God, help my. Haar naam is Mev. Chambers. Glo met jou hele hart, Mev. Chambers. Staan op op jou voete. Staan op, sodat die mense sien wie jy is. Ek is 'n vreemdeling, het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Ja. Dis nou verby. Jesus Christus maak jou gesond.

209 Nou as dit nie Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en vir altyd, is nie, waar is Hy? Het Hy belowe om dit te doen? Almal wat dit glo, steek jou hand op. Goed.

210 Wil jy 'n werklike Christen wees, jy wat jou hand opgesteek het 'n ruk gelede; soos daardie ou moeder takbok was? Terwyl die Heilige Gees hier is, en die salwing oral oor ons is, hoekom kom julle nie sommer net nader nie, en kom staan reg hier by die altaar, net vir 'n oomblik. As jy God soek vir redding, sal jy hierheen kom, en net hiernatoe kom by die altaar en net hier staan by my net vir 'n oomblik? Staan op. Ja so. Dis reg. God seën jou. Enigeen in die gebou, waar jy ook al is, sal jy kom? Dis reg. Kom net nou, julle wat Christus wil vind.

211 Jy sal nooit nader aan Hom wees voordat jy Hom ontmoet nie. Hy is hier. Hy is geïdentifiseer, iets werkliks. Julle het by die kerk aangesluit, 'n klomp van julle kerklidmate nou, julle het by die kerk aangesluit, maar dis al wat julle gehad het, julle wil iets werkliks sien. As dit nie presies is wat Jesus Christus Homself geïdentifiseer het te wees nie!

212 Kyk na hierdie kindjie wat hier kom, huil, die trane loop teen sy gesiggie af. Geen wonder nie, hulle is broos. Hulle is nog nie deur alles getrek nie. Nog een wat die paadjie afkom, nog een agterlangs, wat daar kom, kindertjies, wanneer die volwassenes by hulle s'n verbygegaan het. Wil jy nie kom nie? Kom nou reg hiernatoe en staan om die altaar. Julle kerklidmate, julle mense wat 'n ondervinding van Christus in julle hart wil hê, wil julle nie hiernatoe kom nie? As Hy jou hart ken, en jy weet jy kon dit nie wegsteek nie, wil jy nie net nou kom en hier staan, net voor ons voortgaan nie. Kom hier, staan hier, vir 'n woord van gebed. Sal jy dit doen?

213 Kom, wys, staan vir Hom. Staan julle vir Hom. As jy jou nou vir Hom skaam, sal Hy Hom daar vir jou skaam.

214 Onthou, Hy is hier. Die Skrif het gesê dit sou gebeur, en hier identifiseer Hy Homself as synde hier te wees. As jy 'n kerklidmaat is, en Christus nie as 'n werklike ondervinding ken nie, sal jy nie op hierdie tydstip kom nie? Nou, ek is nie goed met mense oorreed nie. Al wat ek ken sê, is julle die Waarheid te vertel, en as Christus se Teenwoordigheid, plus Sy Woord wat gemanifesteer word.

215 Bo in die balkon, julle wat jul hande opgesteek het; suster, broer, as julle wil afkom, ons gaan net hier wag. Kom reg van daar af, en vergader om die altaar, net vir 'n woord van gebed. Laat die wêreld weet, laat Jesus weet dat jy—dat jy nie skaam is nie, jy wil 'n werklike Christen wees. Sal julle nie kom, terwyl ons net 'n oomblik of twee wag nie?

216 Kerklidmaat, louwarm, afgedwaalde, sal jy nie nou langs hulle kom staan nie? Kom hier en staan saam, julle wat nie, as jy nie 'n ondervinding met God het nie, dat jy so ingebore in die Koninkryk van God is nie.

217 Wat wil julle nog sien? Onthou, ek sê vir julle in die Naam van die Here, as julle my as Sy dienskneg beskou, hierdie is die laaste teken wat die kerk sal sien, volgens die Skrif. Dit was die laaste ding wat Abraham gedoen gesien het voor die beloofde seun aangekom het. En ons is die koninklike Saad van Abraham, en Jesus het die koninklike Saad beloof om dieselfde ding te sien wat Abraham gesien het, net voor die Heidense wêreld gebrand het. Moenie vir iets anders uitstel nie. Satan probeer julle kry om dit mis te kyk. Kom nou, terwyl . . .

Daar is 'n Fontein gevul met Bloed,
Uit Emmanuel se are getrek,
En sondaars word deur daardie vloed,
Van al hul skuld bevry.

Die dief het met sy dood aanskou
Waar daardie Fontein ontstaan,
En daar, soos hy, kan ek ook nou,
Van sonde my ontdaan.

218 Sal julle nie kom en dit nou aanvaar nie? Ek wag net 'n oomblik, iemand anders mag kom en hier staan vir gebed.

219 Nou gaan ek predikers hier vra, broers, kom af en staan saam met my, rondom, terwyl ons bid; en predikers daarbuite, wat besorgd is, en sommige van hierdie mense in julle omgewing, wat na julle kerk sal kom of—of iets, dat julle geïnteresseerd is in—in siele wat na Christus kom, en julle glo dat dit Jesus Christus is.

220 Nou, onthou, ek is nie Jesus Christus nie. Ek is julle broer, 'n sondaar deur genade gered. Ek is soos julle is. Maar dis Jesus Christus, die Heilige Gees wat hier by ons is, wat Sy Woord hou. Hy hoef dit nie te doen nie, maar Hy het belowe Hy sou dit doen. Jesus hoef nie die siekes te genees het nie, maar die Bybel het gesê: "Hy het dit gedoen, sodat dit vervul kon word wat van Hom beloof is."

221 Nou, ons gee nie om watter soort van kerk dat julle aan behoort nie; as jy glo dat Jesus Christus teenwoordig is, jy glo dat daar 'n wedergebore ondervinding is, van die doop van die Heilige Gees.

222 Predikers, kom nader, hier tussen hierdie mense in. Kom reg tussen hulle in, lê julle hande op hulle. Ons gaan vir hulle bid. Ek vra ons gemeente om net so eerbiedig te wees as julle kan vir 'n paar oomblikke. Hoe weet ons wat die Heilige Gees sal doen! So ja, beweeg reg in, versprei julle tussen die mense. Kom reg om hulle, elkeen.

223 Nou onthou, daar is net een ding wat jy kan doen, is aanvaar wat Hy jou beloof het. Het julle die werklikheid van die opstanding van Christus gesien?

224 Nou ek gaan die gemeente vra of hulle net vir ’n oomblik sal staan, in eerbied en respek vir hulle. Glo elkeen van julle nou. Bely alles wat jy gedoen het, dis al wat jy kan doen, en vra God dan om jou te vergewe. En aanvaar Dit, glo Dit. Nou laat elkeen op jou eie manier bid.

225 Ons Hemelse Vader, ons kom na U, met berouvolle siele. Hoe het die storietjie, oor daardie moeder takbok, nie diep getref nie, sodat mense iets wou doen, of iets wou sien wat werklik is; soos die koningin van die Suide, wat van die uiterstes van die aarde gekom het, om die wysheid van Salomo aan te hoor. En een groter as Salomo is hier, die Saligmaker van die mensdom, Jesus Christus van Násaret! Red hulle, Vader. Vergewe hulle sondes. Was hulle siele in die Bloed van die Lam, en gee hulle ’n ondervinding van ’n Christen gebore te wees. Geen ander dier, niks anders, kon dit gedoen het, behalwe die moeder takbok nie. Dis wat sy was. Gee ons daardie ondervinding, Here, nou, van ’n wedergebore ondervinding, in die Koninkryk van God, terwyl die Heilige Gees daar is. Skenk dit, Here. Skenk dit, Here.

226 Nou sluit jou oë, steek jou hande op, en sê, doen jou belydenis, sê: “Jesus, ek glo nou. Neem my soos ek is. Daar is niks meer wat ek kan doen nie. Genees my siek liggaam. Neem my, Here. Ek glo U is hier, die Heilige Gees is hier, identifiseer Homself. Red my deur U genade, Here. Dis al wat ek weet hoe om te maak. Deur Jesus Christus se Naam!”

Broer Grant, sal jy ons in gebed lei?

Een Groter As Salomo Is Nou Hier AFR64-0306

(A Greater Than Solomon Is Here Now)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Vrydagaand, 6 Maart 1964, by die Soul's Harbor Temple in Dallas, Texas, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org